
Publication: Landbouweekblad

Date: Thursday, March 10, 2022

Page: 30





# Wenke vir elke gesin

**Terwyl 'n mens leef, hard werk en speel, en stoei om die pot aan die kook te hou, dink jy nie aan jou oudag nie en glad nie aan doodgaan nie. Tog is dit noodsaaklik om daarvoor te beplan. Hier is 'n paar wenke.**

Die statistieke bewys dat een uit elke een mens sal sterf, soos 'n dominee eendag gesê het. En as jy oud word, maar nie noodwendig amptelik aftree nie en steeds aanhou werk, sal daar 'n dag kom dat jy maar jou stewels moet ophang, want die lyf en/of die kop kan ingee.

Verder gebeur daar in ons lewe van tyd tot tyd minder goeie dinge, soos dat jy familielede aan die dood afstaan. Of 'n familielid kan ongeskik raak, en dan moet jy na só 'n geliefde omsien.

Dit is die werklikhede van die lewe, en jy moet daarop voorbereid wees om die beste van elke situasie te kan maak.

Om paraat te wees ten opsigte van die risiko's in jou geldsake, onderneming, boerdery, bates en laste, beleggings, sekuriteit, ensovoort, verg kundigheid en kennis. Vir die gewone mens is dit soms 'n berg wat oorgesteek moet word.

## PRAKTIESE RAAD

Sorg dat jou testament gereeld hersien word deur 'n kundige wat holisties na ál die risiko's kyk ten opsigte van die bates en laste, versekering, die testament self, trust(s) en besighede waarby jy en jou gade betrokke is. 'n Testament moet uitvoerbaar wees.

Kry 'n spesifieke laai of kabinet waarin alle belangrike dokumente bewaar word, en sorg dat jou gade en kinders weet waar dit is.

As daar 'n egskeiding was, moet albei partye binne drie maande ná die egskeidingsbevel hul testament verander, andersins geld die testament wat voor die egskeiding opgestel is. Jou eks kan dan byvoorbeeld alles erf as die testament só bepaal het.

Kodes vir rekenaars, kluise (tuis en op kantoor), motors, kamers, motorhuise en skure wat elders as op die woonperseel is, moet gereeld bygewerk en aan die gade, ouer kinders en dalk 'n vertroueling-vriend gegee word.

Ná die afsterwe van 'n gade moet die oorlewende se status by die departement van binnelandse sake aangepas word na "weduwee" of "wewenaar". As dit nie gedoen is nie en die langslewende sterf, duur dit etlike maande vir die eksekuteur om die status eers te laat wysig voor met die beredding van die boedel begin kan word.

Ná die dood van 'n geliefde is die sterftesertifikaat 'n baie belangrike dokument, aangesien daar slegs een oorspronklike is wat deur die departement uitgereik word. Maak gesertifiseerde afskrifte en bewaar die oorspronklike totdat die meester van die hooggeregshof dit vereis tydens die beredding van die boedel.

Sorg dat albei gades hul eie bankrekening het, want die afwesigheid van 'n bankrekening ná die afsterwe van 'n gade skep groot probleme.

Persone wat hul organe, ledemate of hele liggaam wil skenk, moet hul familie en vriende daaroor inlig. Die kontakbesonderhede van instellings moet byderhand wees, want tyd is 'n bepalende faktor.

Lewende testamente (om die masjiene af te sit as jy breindood is) moenie saam met die gewone testament geliaseer word nie. Dit moet ook aan vriende en familie bekend en byderhand wees om aan die dokter te gee indien nodig.

Daar moet genoeg kontant in die boedel wees sodat die beredding glad kan verloop, anders word eiendom, wat gedwonge verkoop moet word, teen swak pryse van die hand gesit. Neem lewensdekking uit as jou gesondheid dit toelaat, want dit bly die goedkoopste "belegging" wat jy kan maak.

Lewensversekering is bloot risikodekking, soos korttermynversekering, maar 'n lewenspolis betaal wel by dood uit. Maak net seker jy verswyg nie siektes of toestande, soos depressie, wanneer jy dit uitneem nie, want dit kan veroorsaak dat die polis nie uitbetaal nie.

Maak gebruik van 'n versekeringsinstelling wat jou onderskryf op die dag van die uitneem van die polis. As jy later begin rook of byvoorbeeld aan diepseeduik deelneem, het dit geen invloed op daardie spesifieke polis nie.

Spaar soveel moontlik vir jou oudag en kry meer as een mening oor beleggings.

Indien mense saambly, oorweeg dit om ingevolge die Wet op Burgerlike Verbintenisse (Wet 17 van 2006) aan mekaar trou te sweer by wyse van 'n kontrak om al die voordele te kry wat getroudes ontvang.

Trusts moet voldoen aan direktiewe van die meester van die hooggeregshof en aan die reëls en regulasies ingevolge wetgewing. Finansiële state is deel van dié voldoening. Daar is vele ander vereistes en administratiewe werk wat met 'n trust gedoen moet word. Kry 'n kundige om te help.

Sakerisiko's, waaronder borgskappe, debietlenings, koop- en verkoopooreenkomste, korttermynversekering en aftreevoorsiening aan werknemers, moet aandag kry. Neem ook belastingbepalings wat die boedelkoste kan vergroot, in ag.

Bogenoemde is slegs 'n paar baie belangrike wenke vir elke huishouding om seker te maak dat die risiko's ná iemand se afsterwe ondervang word. **LBW**

*Mnr. André Eloff (CFP) is 'n regs-en-sakekonsultant by Business and Legal Consultants en is lid van FISA.*

NAVRAE: André Eloff, e-pos: **andre@buslegal.co.za**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.